Vry om die wêreld te dien

Danie Mouton

Oorsig van die Lausanne Committee for World Evangelization (2004) se perspektiewe op missionale gemeentes

Min dinge sit so diep veranker in die DNA van ons kerkbegrip as ons opvattings oor pastoraat.

Pastoraat is vir ons méér as net die versorging van lidmate – dit stempel ons opvattings oor leierskap en domineer ons siening van die doel van die kerk. Die kerk bestaan vir die geestelike versorging van sy lede. Hierdie opvatting weerhou ons dikwels van betekenisvolle diens aan die wêreld.

In die formatiewe jare van die vroeë Christelike kerk het leierskap wye variasie vertoon. Die Nuwe Testament ken apostels (leierskap wat grense oorsteek), evangeliste, profete, leraars, pastors, ouderlinge en biskoppe. Die oomblik toe die vroeë Christelike kerk van 'n gemarginaliseerde gemeenskap skuif na 'n voorkeurposisie in die Romeinse Ryk, verarm die veelkleurige leierskapsrolle tot 'n minimalistiese stel funksies wat inpas by die patrone en behoeftes van die Ryk. Leierskap word nou die rol van pastor-priesters in gevestigde, geografiese eenhede ("parishes"). Die kerklike leier bestuur die geestelike versorging van die Christene in sy gebied.

Hierdie verskraling van leierskap en bediening weerhou die kerk daarvan om dissipels van die nasies te maak en 'n pastor vir die gemeenskap te wees. Só bly ons nie getrou aan die evangelie nie.

The Lausanne Covenant

Presies op hierdie punt help die perspektiewe van die Lausanne-konferensie ons geweldig baie. In die bekende dokument, *The Lausanne Covenant* (www.lausanne.org), word God beskryf as die God wat handel in die wêreld. *Hy skakel ons by sy missie in*. *"He has been calling out from the world a people for himself, and sending his people back into the world to be his servants and his witnesses, for the extension of his kingdom, the building up of Christ's body, and the glory of his name."*

Vir Lausanne is *ons rol in God se missie* begrond in die verkondiging van die historiese, Bybelse Christus as Verlosser en Here, wat mense in die regte verhouding met God bring, asook in die bediening van God se geregtigheid en versoening regdeur die samelewing. Dit sluit in dat mense bevry word van enigiets wat hulle bind en verdruk. "*The salvation we claim should be transforming us in the totality of our personal and social responsibilities. Faith without works is dead.*"

Wat beteken dit?

Wat beteken dit alles vir gemeentes? Ek gebruik dokument 39 van die *Lausanne Documents* (www.lausanne.org/documents.html) as bron om 'n paar lewensbelangrike perspektiewe uit te lig.

1 Missionale gemeentes breek doelbewus met 'n Konstantynse model van kerkwees

Vir hierdie model, wat 1 600 jaar lank domineer sedert die kerk in die Romeinse Ryk staatskerk geword het, is bediening iets wat binne-in die institusionele strukture van die kerk gebeur. Van mense word verwag om na die kerk toe te kom, hetsy die kerkgebou of die kerklike bedieninge. In Christendom-tye kan dit nog werk, want daar is konsensus in die samelewing dat die kerk belangrik is. Wanneer die Christendom verbrokkel, besef jy egter die armoede van hierdie opvatting. Net soos Jesus sy posisie by God verlaat en mens geword het – in die wêreld aangekom het – roep sy missie ons op om ons veilige strukture te verlaat en na die wêreld toe te gaan. Die kerk is geroep om aan sy veilige strukture te sterf, sy kruis op te neem, en uit liefde die strate te vat – na mense toe.

2 Missionale gemeentes bou verhoudings

Die meerderheid Christene het nie op grond

van media-blootstelling, sendingprojekte en evangelisasieveldtogte besluit om Jesus na te volg nie. Sowat 90% van Christene kies vir Jesus op grond van die invloed van familie of vriende. Die kerk moet praktyke vestig wat die bou van verhoudings met mense bevorder waar hulle lewe en werk.

3 Missionale gemeentes bid vir diegene buite die geloofsgemeenskap

Voorbidding skep gemeenskap met mense buite die kerk. Dit dra die belange van daardie mense op die hart. Die wonderbaarlike ingryping van God in mense se lewe op grond van gebed versprei die seën van die evangelie soos 'n aangename geur.

4 Missionale gemeentes herorganiseer hulle strukture

Missionale gemeentes skep strukture wat gelowiges bemagtig om die wêreld te betree om ander aan te moedig om Jesus te volg. Praktiese beoefening van liefde vir die naaste word verbind aan die maak van dissipels. Gemeentes bemagtig hulle lidmate om dit te doen.

Gemeentelike strukture is dikwels struikelblokke wat mense verhoed om daarby aan te sluit. Die gemeente hou gebruike en waardes in stand wat ander uitsluit. Van voornemende nuwe toetreders word verwag om te verander, om soos die kerkmense te word en om dieselfde geïnstitusionaliseerde lewe in stand te hou. Die fokus is op die gebou, die reëls, die gekoesterde liturgie en die voorkeure van die ampsdraers.

5 Missionale gemeentes organiseer rondom lidmaatleierskap en gedelegeerde bevoegdhede

Die Konstantynse model draai rondom geordende leierskap wat die reëls só skryf dat mag en bevoegdheid in die geordendes sentreer. Dit skep 'n hiërargie waar diegene wat die mag het, reëlings tref om dit te behou. Die lidmate vorder nie veel verder as helpers vir die pastors nie. Waar lidmaatleiers egter toegerus word vir bediening, ontstaan die potensiaal vir groei. Dikwels groei kerke *omdat* hulle nie genoeg geordende leiers het nie en lidmaatleiers verantwoordelikheid neem.

6 Missionale gemeentes ontwikkel 'n driedimensionele bediening rondom aanbidding, gemeenskap en gestuurdheid

Bediening is tradisioneel dikwels twee-dimensioneel – dit fokus op aanbidding (na bowe) en gemeenskap (na binne). Dit is opsigself belangrik, maar sonder die *na buite* sterf gemeentes soos die Dooie See omdat daar nie 'n oorloop van die evangelie na die wêreld toe is nie.

Al drie elemente is belangrik: Waar net gemeenskap (na binne) en gestuurdheid (na buite) leef, ontbreek die Fontein van Lewe (die *na bowe*). Daarom het missionale gemeentes dikwels 'n baie eenvoudige kerklike program, sodat daar meer geleentheid vir gebed en diens na buite kan wees.

7 Missionale gemeentes werk met "kom"- en "gaan"- strukture

Reeds uit die vorige paragraaf blyk duidelik dat die "kom"-strukture (uitnodigende, inskakelende, middelpunt-soekende kragte) en die dinamiese "gaan"-strukture moet floreer.

In Antiogië (Hand 13) gee die Gees aan die "kom"-struktuur opdrag om 'n "gaan"-struktuur (Paulus en Barnabas) te skep. Waar die Konstantynse kerk so sterk op "kom" is, is die uitdaging nou om diensgroepe, evangelisasiespanne, jeugbedienings in skole, kerkplantings en korttermynuitreike wat oor kulturele en geografiese grense gaan, te skep as "gaan"-strukture. So verbreed ons die tradisionele strukture om nuwe weë te baan na die onbereiktes in ons midde.

8 In missionale gemeentes is elke lid op 'n missie

Lidmate word toegerus om op elke plek waar hulle lewe getuies te wees in ons multi-kulturele, multi-godsdienstige, pluralistiese, multi-generasionele wêreld. Daar is nie so iets soos geestelikes (die ampte, die geordendes of bevestigdes, die priesters) teenoor die leke (letterlik *idiotes* in Latyn) nie. Dit is 'n wesenlike Reformatoriese perspektief wat uitgeleef moet word.

Ten slotte: Missionale leiers versorg die gemeenskap deur die nuwe lewenstyl in Christus te modelleer

Hierdie leiers word nie deur hulle bestuur en prestasie gekenmerk nie, maar deurdat hulle rolmodelle van die nuwe lewe in Christus is. Hulle lei deur te dien. Hulle mentor die "vakleerlinge" in die geloof. Hoe hanteer mens 'n krisis? Hoe vra jy vergifnis? Hoe leef jy getrou aan jou geliefdes? Hoe hanteer jy geld? Hoe bid jy?

'n Kerk wat in sy innerlike lewe én sy uitreik na buite vry is van beperkings om aan die wêreld pastoraat te beoefen – dit is die soort kerk waarvoor ons moet bid!

* ***Danie Mouton*** *is een van die predikante van die NG Gemeente PE Hoogland in Port Elizabeth en skriba van die Sinode van Oos-Kaapland. Skryf gerus in vir sy gereelde eNuus by skriba@ngkok.org vir Oos-Kaaplandse nuus en vars teologiese perspektiewe.*